Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

Iphondo leMpuma Kapa: Isebe leMfundo
Provinsie van die Oos Kaap: Department van Onderwys
Porafensie Ya Kapa Botjahabela: Lefapha la Thuto

NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT

GRAAD 11

NOVEMBER 2024

EKONOMIE V2

PUNTE: **150**

TYD: **2 uur**

IECONA2

Hierdie vraestel bestaan uit 13 bladsye.

Hosted by www.ecexams.co.za.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord VIER vrae soos volg in die ANTWOORDEBOEK:

   - AFDELING A: VERPLIGTEND
   - AFDELING B: Beantwoord TWEE van die drie vrae.
   - AFDELING C: Beantwoord EEN van die twee vrae.

2. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

3. Skryf die nommer van die vraag boaan elke antwoord neer.

4. Lees die vrae aandagtig deur en begin ELKE vraag op ’n NUWE bladsy.

5. Laat 2–3 reëls tussen onderafdelings van vrae oop.

6. Beantwoord die vrae in volsinne en maak seker dat die formaat, inhoud en konteks van jou antwoorde aan die kognitiewe vereistes van die vrae voldoen.

7. Beantwoord slegs die vereiste aantal vrae. Addisionele aantal antwoorde sal NIE nagesien word NIE.

8. Gebruik slegs swart of blou ink.

9. Jy mag ’n nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.

10. Skryf netjies en leesbaar.

Hosted by www.ecexams.co.za.

AFDELING A (VERPLIGTEND) 30 PUNTE – 20 MINUTE

VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommers (1.1.1 tot 1.1.8) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.1.9 D.

1.1.1 'n Perfekte markfirma maksimeer sy ... wanneer MK=MI.

A inkomste
B winste
C koste
D uitgawes

1.1.2 'n Oligopolis word gekonfronteer met 'n ... vraagkromme.

A geknikte
B opwaarts skuins
C horisontale
D vertikale

1.1.3 'n … verband bestaan tussen die prys van 'n goed en hoeveelheid van sy plaasvervanger gevra.

A Positiewe
B Negatiewe
C Nul
D Neutrale

1.1.4 Koste wat verander namate die uitset wissel.

A Vaste koste
B Totale vaste koste
C Marginale koste
D Veranderlike koste

1.1.5 Hulpbronne wat uitgeput kan raak as dit nie volhoubaar bestuur word nie, staan as ... hulpbronne bekend.

A hernubare
B niehernubare
C eindige
D mensgemaakte

Hosted by www.ecexams.co.za.

1.1.6 Kennis wat praktiese toepassing vir die daaglikse oorlewing van plaaslike gemeenskappe het.

A Historiese kennis
B Algemene kennis
C Inheemse kennis
D Ekonomiese kennis

1.1.7 ’n Internasionale ooreenkoms om kernafval te bestuur.

A Stokholm-protokol
B Kioto-protokol
C Parys-ooreenkoms
D Basel Konvensie

1.1.8 ’n Sosio-ekonomiese en politieke verdeeldheid tussen die ontwikkelde ryk en die armer ontwikkelende lande word ... genoem.

A Suid-verdeling
B Noord-verdeling
C Noord-suid-verdeling
D Ekonomiese verdeling

(8 x 2) (16)

Hosted by www.ecexams.co.za.

1.2 Kies ’n beskrywing uit KOLOM B wat by die item in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–I) langs die vraagnommers (1.2.1 tot 1.2.8) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.2.9 J.

KOLOM A		KOLOM B	
1.2.1	Rekeningkundige wins	A	Die koste per eenheid neem toe terwyl hoeveelhede wat geproduseer word, toeneem
1.2.2	Kartel	B	Die verskeidenheid plant- en dierelewe in ’n spesifieke area
1.2.3	Langtermyn	C	Firmas wat goedere en dienste in verskeie lande produseer
1.2.4	Skaalverspillings	D	Internasionale ooreenkomste wat daarop gemik is om kweekhuisgasse te verminder
1.2.5	Multinasionale ondernemings	E	Lank genoeg sodat alle faktorinsette kan verander
1.2.6	Portefeulje beleggings	F	Die verskil tussen ’n firma se totale inkomste en eksplisiete koste
1.2.7	Kioto-protokol	G	Aankoop van finansiële bates wat maklik in kontant omskep kan word
1.2.8	Biodiversiteit	H	Wat verbruikers aangaan wanneer hulle goedere koop
		I	Hulle werk in ’n oligopolie-markstruktuur

(8 x 1) (8)

Hosted by www.ecexams.co.za.

1.3 Gee EEN term vir die volgende beskrywings. Skryf slegs die term langs die vraagnommers (1.3.1 tot 1.3.6) in die ANTWOORDEBOEK neer. Afkortings, akronieme en voorbeelde sal NIE aanvaar word NIE.

1.3.1 Hierdie wet bepaal dat die totale nut teen ŉ stadiger tempo sal toeneem met elke bykomende eenheid wat verbruik word

1.3.2 Die produkte wat aangebied word, is identies met geen duidelike verskille in kwaliteit nie

1.3.3 Die geld wat oorbly sodra die firma sy totale koste van die totale inkomste aftrek

1.3.4 Die aantal permitte wat nodig is om die koolstofvrystellings van ŉ spesifieke fabriek te dek

1.3.5 ŉ Groepering van lande om meer beheer oor die wêreldekonomie te kry

1.3.6 Die vasvang van hitte in die atmosfeer wat klimaatsverandering tot gevolg het. (6 x 1) (6)

TOTAAL AFDELING A: 30

Hosted by www.ecexams.co.za.

AFDELING B

Beantwoord enige TWEE van die drie vrae uit hierdie afdeling in jou ANTWOORDEBOEK.

VRAAG 2: MIKRO-EKONOMIE **40 PUNTE – 30 MINUTE**

2.1 Beantwoord die volgende vrae.

2.1.1 Noem enige TWEE voorbeelde van volmaakte mededingers. (2 x 1) (2)

2.1.2 Waarom gaan produsente voort om hul produksie te verhoog? (1 x 2) (2)

2.2 Bestudeer die prent hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

2.2.1 Identifiseer die markstruktuur in die prent hierbo. (1)

2.2.2 Noem EEN kenmerk van die markstruktuur wat in VRAAG 2.2.1 geïdentifiseer is. (1)

2.2.3 Beskryf kortliks die term *markstruktuur.* (2)

2.2.4 Waarom is perfekte mededingers prysnemers? (2)

2.2.5 Hoe vind verbruikers by perfek mededingende ondernemings baat? (2 x 2) (4)

Hosted by www.ecexams.co.za.

2.3 Bestudeer die tabel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

PRYS	HOEVEELHEID	TOTALE INKOMSTE	TOTALE KOSTE	WINS / VERLIES
8	0	0	10	-10
7	1	**A**	15	-8
6	2	12	12	0
5	3	15	10	5
4	4	16	8	8

2.3.1 Identifiseer die hoeveelheid wanneer die firma sy winste maksimeer in die tabel hierbo. (1)

2.3.2 Wat is die gemiddelde inkomste wanneer slegs een eenheid verkoop word? (1)

2.3.3 Beskryf kortliks die term *marginale inkomste.* (2)

2.3.4 Waarom het die gemiddelde vaste koste (GVK)-kromme ’n afwaartse skuins van links na regs? (2)

2.3.5 Bereken die marginale koste vir hoeveelheid 4 met behulp van die inligting in die tabel hierbo. Toon ALLE berekeninge. (2 x 2) (4)

2.4 Onderskei tussen *rekeningkundige wins* en *ekonomiese wins*. (4 x 2) (8)

2.5 Ontleed die rol van winste in ’n besigheid. (4 x 2) (8)

[40]

Hosted by www.ecexams.co.za.

VRAAG 3: KONTEMPORÊRE EKONOMIESE KWESSIES

40 PUNTE – 30 MINUTE

3.1 Beantwoord die volgende vrae.

3.1.1 Noem enige TWEE kenmerke van globalisering. (2 x 1) (2)

3.1.2 Hoe dra groen belasting tot volhoubaarheid by? (1 x 2) (2)

3.2 Bestudeer die spotprent hieronder en beantwoord die vrae wat volg.



[Aangepas uit www.twitter.com]

3.2.1 Identifiseer die tipe besoedeling in die spotprent hierbo. (1)

3.2.2 Identifiseer die omgewingskwessie in die spotprent hierbo. (1)

3.2.3 Beskryf kortliks die term *besoedeling.* (2)

3.2.4 Hoe veroorsaak menslike aktiwiteit die agteruitgang van die omgewing? (2 x 1) (2)

3.2.5 Hoe kan produsente tot ekonomiese groei bydra en terselfdertyd die omgewing beskerm? (2 x 2) (4)

Hosted by www.ecexams.co.za.

3.3 Bestudeer die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

SA STUUR EERSTE BESENDING ONDER AFKVHG-OOREENKOMS

Die implementering van die voorkeurhandel onder die Afrika Kontinentale Vryehandelsgebied (AfKVHG) het ’n werklikheid geword met Suid-Afrika wat sy eerste besending produkte na ander lande gestuur het wat onder die ooreenkoms handel dryf. Suid-Afrika is die eerste onder die lidlande van die Suider-Afrikaanse Doeane-unie (SADU) wat die AfKVHG-ooreenkoms prakties verwesenlik het.

Vir Suid-Afrika sal die begin van voorkeurhandel groot geleenthede vir groei en ontwikkeling skep. Nie net sal dit ons land se produsente bevoordeel nie, maar dit sal ook vir ’n groot toename in verkeer deur ons hawens, ons lughawens en ons landgebaseerde grensposte sorg.

[Aangepas van www.sanews.gov.za]

3.3.1 Identifiseer enige EEN handelsblok in die uittreksel hierbo. (1)

3.3.2 Noem die organisasie wat handel tussen lande reguleer. (1)

3.3.3 Beskryf kortliks die term *vryehandel.* (2)

3.3.4 Verduidelik die hoofdoel van die organisasie genoem in VRAAG 3.3.2. (2)

3.3.5 Ondersoek die positiewe impak van vryehandel op die Suid-Afrikaanse ekonomie. (2 x 2) (4)

3.4 Bespreek kortliks die toekenning van eiendomsreg as ’n maatreël om die omgewing te onderhou. (4 x 2) (8)

3.5 Ontleed die belangrikheid van die versorging van woude vir die ekonomie en die omgewing. (4 x 2) (8)

[40]

Hosted by www.ecexams.co.za.

VRAAG 4: MIKRO-EKONOMIE EN KONTEMPORÊRE EKONOMIESE KWESSIES
40 PUNTE – 30 MINUTE

4.1 Beantwoord die volgende vrae.

4.1.1 Noem enige TWEE metodes om die omgewing te beskerm. (2 x 1) (2)

4.1.2 Hoekom is dit belangrik vir besighede om doelwitte te stel? (2)

4.2 Bestudeer die grafieke hieronder en beantwoord die vrae wat volg.



4.2.1 Identifiseer die oorspronklike vraagkurwe in die motormarkgrafiek hierbo. (1)

4.2.2 Watter mark verteenwoordig die faktormark in die grafiek hierbo? (1)

4.2.3 Beskryf kortliks die term *substituutprodukte.* (2)

4.2.4 Wat het 'n verskuiwing van **V_1** na **V_2** in die staalbedryf veroorsaak? (2)

4.2.5 Wat is die impak op die werknemers in die staalmark as die vraag na motors van **V_1** na **V_2** toeneem? (2 x 2) (4)

Hosted by www.ecexams.co.za.

4.3 Bestudeer die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

IS DIE ONWETTIGE JAG (STROPERY) VAN RENOSTERS BESIG OM TOT 'N EINDE TE KOM?

GETAL RENOSTERS AANGETEKEN WAT IN SUID-AFRIKA GESTROOP IS



Ontwettige jag is verantwoordelik vir die oorgrote meerderheid renostersterftes. Bewustheid en bewaring is noodsaaklik om biodiversiteit te handhaaf en om te verhoed dat die spesie uitsterf. Dit bevoordeel ook die mense wat naby die renosterhabitats woon.

[Aangepas uit www.PoachStatsSA. 2017]

4.3.1 Identifiseer die jaar waarin stropery van renosters op sy hoogste was. (1)

4.3.2 Wat is die hoofrede vir die stropery van renosters? (1)

4.3.3 Beskryf kortliks die term *ekosisteem.* (2)

4.3.4 Hoe kan die bewustheid van die belangrikheid van flora en fauna geskep word? (2)

4.3.5 Hoe beïnvloed klimaatsverandering die ekonomiese omgewing? (2 x 2) (4)

4.4 Bespreek kortliks die verband tussen faktor- en produkmarkte. (4 x 2) (8)

4.5 Watter probleme sal in die ekonomie ondervind word indien nie-hernubare hulpbronne buitensporig verbruik word? (4 x 2) (8)

[40]

TOTAAL AFDELING B: 80

Hosted by www.ecexams.co.za.

AFDELING C

Beantwoord EEN van die twee vrae in hierdie afdeling in die ANTWOORDEBOEK.

Jou antwoord sal soos volg beoordeel word.

STRUKTUUR VAN OPSTEL	PUNTE-TOEKENNING
Inleiding Die inleiding is 'n laerorde-antwoord. • 'n Goeie beginpunt sou wees om die hoofkonsep wat met die vraagonderwerp verband hou te definieer. • MOENIE enige deel van die vraag in die inleiding insluit NIE. • MOENIE enige deel van die inleiding in die liggaam herhaal NIE. • Vermy dit om in die inleiding te noem wat jy in die liggaam gaan bespreek.	Maks. 2
Liggaam **Hoofdeel:** Bespreek in detail/In-diepte bespreking/Ondersoek/Bespreek krities/Ontleed/Vergelyk/Evalueer/Onderskei/Verduidelik **Bykomende deel:** Gee eie mening/Bespreek krities/Evalueer/Evalueer krities/Teken 'n grafiek en verduidelik/Gebruik die grafiek wat gegee is en verduidelik/Voltooi die gegewe grafiek/Bereken/Lei af/Vergelyk/Verduidelik/ Onderskei/Interpreteer/Debateer kortliks/Hoe/Stel voor	Maks. 26 Maks. 10
Gevolgtrekking Enige hoërorde-slot behoort die volgende in te sluit: • 'n Kort opsomming van wat bespreek is, sonder om feite wat reeds genoem is, te herhaal • Enige mening of waardeoordeel oor die feite wat bespreek is • Bykomende ondersteunende inligting wat bespreking/ontleding versterk • 'n Teenstrydige sienwyse met motivering, indien gevra • Aanbevelings	Maks. 2
TOTAAL	**40**

VRAAG 5: MIKRO-EKONOMIE **40 PUNTE – 40 MINUTE**

- Bespreek in detail pryselastisiteit van vraag sonder behulp van grafieke. (26 punte)
- Waarom is die elastisiteit van vraag vir produsente belangrik? (10 punte) **[40]**

VRAAG 6: KONTEMPORÊRE EKONOMIESE KWESSIES
40 PUNTE – 40 MINUTE

- Bespreek in detail die oorsake van globalisering. (26 punte)
- In watter opsig word Suid-Afrika deur die Noord-Suid-verdeling negatief geraak? (10 punte) **[40]**

TOTAAL AFDELING C: 40
GROOTTOTAAL: 150

Kopiereg voorbehou
Hosted by www.ecexams.co.za.

Hosted by www.ecexams.co.za.

Hosted by www.ecexams.co.za.

Hosted by www.ecexams.co.za.